



Develop a reading routine at home

Making literacy part of your home. If you regularly read and write with your children at home, you teach them that reading and writing are important, useful and enjoyable. This helps make literacy learning easier for them. Everyone at home has a role to play in developing young children's reading and writing. Here are some ideas to make literacy an enjoyable part of everyday family life.

CREATE A STORY ROUTINE



- ★ Set aside time every day to read and/or tell stories. Many children enjoy listening to stories at bedtime, but some children may find it easier to concentrate at other times in the day. Choose a time of day that works best for all of you.
- ★ Spend just 15 minutes a day reading storybooks aloud to your children. Make it a relaxed and enjoyable time. When your children realise that stories can be found in books, and that books are full of magical pleasure, they will try to read for themselves. Good readers at school are often the ones who read at home with family and friends.

THINGS TO DO AT STORY TIME

- ★ Tell your children stories, sing songs and recite poems you know. This stimulates their imagination and develops their language. Listen to their stories and remember to show your appreciation.
- ★ Use your home language. Firstly, stories should be in your children's home language. Children should read and write in their home language before they learn to do this in other languages. A strong foundation in their home language is the key to all successful learning – including learning to read and write – because to learn well, they need to understand well.

Ontwikkel 'n leesroetine by die huis



Maak geletterdheid deel van jou huislike roetine. As jy gereeld saam met jou kinders by die huis lees en skryf, leer jy hulle dat lees en skryf belangrik, nuttig en genotvol is. Dit maak dit vir hulle makliker om geletterd te raak. Almal by die huis het 'n rol om te speel om jong kinders te help om te leer lees en skryf. Hier volg 'n paar idees om geletterdheid 'n genotvolle deel van die daaglikse gesinslewe te maak.

SKEP 'N STORIEROETINE



- ★ Sit elke dag tyd opsy om stories te lees en/of te vertel. Baie kinders geniet dit om voor slaaptijd na stories te luister, maar sommige kinders vind dit dalk op ander tye van die dag makliker om te konsentreer. Kies 'n tyd van die dag wat die beste vir julle almal werk.
- ★ Spandeer slegs 15 minute per dag om vir jou kinders storieboeke hardop te lees. Maak dit 'n ontspanne en genotvolle tyd. Wanneer jou kinders beseft dat boeke vol stories en betowerende plesier is, sal hulle probeer om self te lees. Goeie lesers by die skool is dikwels dié wat tuis saam met familie en vriende lees.

DINGE OM GEDURENDE STORIETYD TE DOEN

- ★ Vertel vir jou kinders stories, sing liedjies en sê gedigte op wat jy ken. Dit stimuleer hul verbeelding en ontwikkel hul taal. Luister ook na hulle stories, en onthou om jou waardering te toon.
- ★ Gebruik jou huistaal. Aan die begin behoort stories in jou kinders se huistaal te wees. Kinders behoort in hul huistaal te lees en te skryf voordat hulle leer om dit in ander tale te doen. 'n Sterk grondslag in hul huistaal is die sleutel tot suksesvolle leer – wat insluit om te leer lees en skryf – want om goed te leer, moet hulle goed kan verstaan.



Be a role model

Children learn more from watching what we do than from what we tell them to do! Let your children see you reading for pleasure and to find information, for example, when you read books, recipes, school notices, magazines and newspapers.

Wees 'n rolmodel

Kinders leer meer deur ons dop te hou as wat hulle leer wanneer ons vir hulle sê wat om te doen! Laat jou kinders sien dat jy vir genot lees en ook om inligting te vind, soos wanneer jy boeke, resepte, skoolkennisgewings, tydskrifte en koerante lees.




Drive your
imagination



IT STARTS WITH
A STORY.
DIT BEGIN MET
'N STORIE.

Lees elke dag vir my!



Read to me every day!

Contact us in any of these ways:
Kontak ons op een van die volgende maniere:

- www.nalibali.org
- www.nalibali.mobi
- [nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)
- [@nalibaliSA](https://twitter.com/nalibaliSA)
- [@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)
- info@nalibali.org



Reading club corner



Leesklubhoekie

What makes a good children's book?

You can't discover the joy of reading without having good books to read! And the more books that children have around them, the more likely they are to pick one to try.

- ♥ Babies and toddlers often like books with big, bold, colourful pictures and few words in them. They also like simple stories with pictures and short sentences, and books with rhymes. Flap books and books with different textures, or that make a sound when you press something, will lead to many fun moments when you read together. Books made of cloth and board are often the most practical because babies like to chew, pat, hit, drop, and even occasionally throw books!
- ♥ Children aged 2 to 5 years mostly enjoy picture books – stories that have pictures and accompanying text that can be read in one sitting. Stories can be about everyday life or about the imaginary worlds of kind or cruel queens, fairies, dragons and animals that talk and act like people. Children in this age group also often enjoy some simple informative books with lots of clear and interesting photographs.
- ♥ Most children learn to read between the ages of 6 and 11 years. Many still enjoy picture books and especially enjoy trying to read books that were read to them when they were younger! As they begin to read books, children often find particular authors whose books they enjoy – and then like to read all the books by this author! Recipe books, craft books, other "how to" books, joke books and fact books seem to be popular with this age group.
- ♥ Children who are regular readers have usually developed an ability to choose books for themselves by the time they are twelve. Suggest new authors to children of this age or suggest authors who write books on similar topics or in a similar style to the ones they have already read and enjoyed.
- ♥ Many teenagers enjoy books that focus on the challenges of growing up, while others prefer to escape into the world of fantasy!

Wat maak 'n goeie kinderboek?

'n Mens kan slegs ontdek hoe lekker dit is om te lees as jy goeie boeke het om te lees! En hoe meer boeke kinders om hulle het, hoe meer waarskynlik is dit dat hulle een sal kies om te lees.

- ♥ Babas en kleuters hou dikwels van boeke met groot, helder, kleurvolle prente en min woorde. Hulle hou ook van eenvoudige stories met prente en kort sinne, en boeke met rymies. Boeke met flappies en boeke met verskillende teksture of wat 'n geluid maak wanneer jy iets druk, sal sorg vir talle prettige oomblikke wanneer julle saam lees. Lapboeke en kartonboeke is dikwels die praktiesste, want babas hou daarvan om aan boeke te kou, dit te klap, te slaan, te laat val en selfs nou en dan te gooi!
- ♥ Kinders van 2 tot 5 jaar geniet meestal prenteboeke – stories met prente en teks wat daarby pas en wat in een sessie gelees kan word. Stories kan oor die daaglikse lewe gaan of oor die denkbeeldige wêreld van goeie of wrede koninginne, feeë, drake en diere wat praat en soos mense optree. Kinders in hierdie ouderdomsgroep geniet dikwels eenvoudige inligtingsboeke met baie, duidelike en interessante foto's.
- ♥ Die meeste kinders leer tussen die ouderdomme van 6 en 11 jaar lees. Baie van hulle geniet steeds prenteboeke en geniet dit om veral boeke te probeer lees wat vir hulle voorgelees is toe hulle jonger was! Wanneer hulle begin lees, vind kinders dikwels spesifieke skrywers wie se boeke hulle geniet – en dan hou hulle daarvan om al dié skrywer se boeke te lees! Resepteboeke, handwerkboeke, ander boeke wat verduidelik hoe dinge werk, grapboeke en feiteboeke blyk gewild te wees by hierdie ouderdomsgroep.
- ♥ Kinders wat gereelde lesers is, het gewoonlik teen die ouderdom van twaalf die vermoë ontwikkel om self boeke te kies. Stel nuwe skrywers aan kinders van hierdie ouderdom voor of stel skrywers voor wat boeke oor soortgelyke onderwerpe in 'n soortgelyke styl skryf as die boeke wat hulle reeds gelees en geniet het.
- ♥ Baie tieners geniet boeke wat gaan oor die uitdagings van grootword, terwyl ander verkies om na 'n fantasiewêreld te ontsnap!



Spread the love and tell us your African stories

Nal'ibali is looking for short, original children's stories in all 11 official SA languages to publish in print and on air. Help us keep spreading the joy of reading far and wide. Send your story today in a Word document to stories@nalibali.org

For story guidelines see www.nalibali.org/story-resources/your-stories

Versprei die liefde en vertel ons jou Afrika-stories

Nal'ibali soek kort, oorspronklike kinderstories in al 11 amptelike SA tale om in druk en op die lug te publiseer. Help ons om die vreugde van lees en syd te versprei. Stuur jou storie vandag nog in 'n Word-dokument na stories@nalibali.org

Vir riglyne oor stories, sien www.nalibali.org/story-resources/your-stories



Drive your imagination

Get creative!

Wees kreatief!



Make paper plate animal masks
Maak dieremaskers uit papierborde

1.



1. Choose which animal mask you want to make.
1. Kies watter dieremasker jy wil maak.

2.



2. Cut out the holes for the eyes and mouth.
2. Knip die gate vir die oë en mond uit.

3.



3. Use paint, crayons or kokis to colour in the animal mask.
3. Kleur die dieremasker met verf, kryte of kokipenne in.

4.



4. Cut out, colour in and paste on ears, a nose or trunk and whiskers for your animal mask.
4. Knip ore, 'n neus of 'n slurp en snorbaarde vir jou dieremasker uit, kleur dit in en plak dit op die masker vas.
5. Make holes on the side of the mask. Thread some wool or string through each hole so that you can tie the mask around your head.
5. Maak gaatjies aan die kante van die masker. Ryg wol of tou deur elke gaatjie sodat jy die masker om jou kop kan vasmaak.

Photos/Foto's: Chèlan Naicker

Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination

The giant was so pleased with himself that when he passed a party being held in a neighbour's house, he decided to take a break to celebrate.

"Give me some beer!" he boomed at the hostess, placing his sack carefully next to him.

"Certainly," she said, but while he was guzzling the drink down, she heard a sweet, sad voice coming from his sack. "There's someone in there!" the hostess said to herself. "We must help her!"

Die reus is so in sy skik met homself dat hy besluit om 'n blaaskans te neem en fees te vier toe hy verby die bure se huis stap en sien dat hulle besig is om 'n partytjie te hou.


"Gee vir my bier!" bulder hy vir die gasvrou, en sit sy sak versigtig langs hom neer.

"Sekerlik," sê sy, maar terwyl hy die bier gulsig afsluk, hoor sy die sak! "sê die gasvrou vir haarself. "Ons moet haar help!"



Tselane and the giant Tselane en die reus

Joanne Bloch
Jiggs Snaddon-Wood



Tselane's mother always sings to her when she arrives home so that Tselane knows it's safe to open the front door. But a horrible giant tricks Tselane into opening the door, then stuffs her into his sack and steals her away. Luckily for Tselane, the giant stops at a neighbour's party to drink some beer. The hostess hears Tselane's voice from inside the bag, and comes up with a wonderful plan to rescue the girl and punish the nasty giant!

This version of the traditional African story, *Tselane and the giant*, is retold by Joanne Bloch.

Tselane se ma sing altyd vir haar wanneer sy by die huis kom sodat Tselane sal weet dit is veilig om die voordeur oop te maak. Maar 'n aaklige reus bedrieg vir Tselane en sy maak die deur vir hom oop. Die reus prop haar in 'n sak en ontvoer haar. Gelukkig vir Tselane gaan die reus toe na die bure se partytjie om bier te drink. Die gasvrou hoor Tselane se stem in die sak en maak 'n wonderlike plan om die meisie te red en die nare reus te straf!

Hierdie weergawe van die tradisionele Afrika-storie, *Tselane en die reus*, is oorvertel deur Joanne Bloch.


Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination



Turning to the giant, she said, "Please go and fetch me some water at the stream. In return I'll give you a whole bucket of beer."

"Ho ho!" said the greedy giant, grabbing the calabash she gave him. How could he know it had a little hole in it? At the stream, he tried again and again to fill it with water – but somehow, it never quite filled up.

Back at the house, the woman and her husband quickly helped Tselane out of the sack and hid her in their house. Then they filled the sack with snakes, bees, lizards, wasps, crickets and frogs.

Sy draai na die reus en sê: "Gaan haal asseblief vir my water by die stroom. Dan sal ek vir jou 'n hele emmer bier gee."

"Ho ho!" sê die gulsigse reus, en gryp die kalbas wat sy vir hom gee. Hoe sou hy kon raai dat daar 'n klein gaatjie in die kalbas is? By die stroom probeer hy weer en weer om die kalbas vol water te maak – maar om een of ander rede word dit net nie vol nie.

Tersug by die huis help die vrou en haar man gou vir Tselane om uit die sak te klim en steek haar in hulle huis weg. Toe maak hulle die sak vol slange, bye, akkedisse, perdebye, krieke en paddas.

Along, long time ago, when giants roamed about and chickens talked, a poor woman lived with her daughter, Tselane, in a little house. Since she had nobody to look after Tselane, the woman was forced to leave the child alone when she went to plough her fields each day.

Of course, Tselane's mother wanted her to be safe, so every morning when she left home, she reminded Tselane *never* to open the door for *anyone*. And every time she came home, she sang this song to her, "Tselane, my child, Tselane, my child, come and open the door!"


Then Tselane, who was waiting to hear her mother's sweet voice, answered with her own little song. "Yes, Mama, I hear you! Yes, Mama, here I come!" she sang, unlocking the door with a big smile and hugging her mother tightly.

Lank, lank gelede, toe daar nog reuse op die aarde was en hoenders kon praat, het 'n arm vrou saam met haar dogter, Tselane, in 'n klein huisie gewoon. Omdat sy niemand gehad het om na Tselane te kyk nie, moes die vrou haar kind alleen by die huis los wanneer sy elke dag haar lande gaan ploeg het.

Natuurlik wou Tselane se ma hê sy moes veilig wees, en daarom het sy Tselane elke oggend wanneer sy die huis verlaat, herinner om *nooit* die deur vir *enigiemand* oop te maak nie. En elke keer as sy huis toe kom, het sy hierdie liedjie vir Tselane gesing: "Tselane, my kind, Tselane, my kind, maak oop die deur!"

Dan het Tselane, wat gewag het om haar ma se soet stem te hoor, met haar eie liedjie geantwoord. "Ja, Mamma, ek hoor jou! Ja, Mamma, hier kom ek!" het sy gesing terwyl sy die deur met 'n groot glimlag oopsluit en haar ma styf vasdruk.





COLLABORATE

COMMUNITY PROJECTS

Serapana was created as part of the Dithakga tša Gobala project (2017). The aim of the project was to create wordless picture books based on stories sourced from parents and children in the Mamelodi community in Pretoria, South Africa. Wordless picture books allow readers to use the illustrations to create a story in a language of their choice. In this way, the project hopes to foster a love of books, reading and storytelling regardless of literacy levels, language preference and age.

www.collaboratecommunityprojects.org

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi




Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi




Drive your
imagination

Serapana

Raisibe Rosina Kekana
Astrid Blumer











The giant felt very angry. He decided to go to the sangoma for help. "Eat this," said the sangoma, giving him a piece of hot metal. "It will change the sound of your voice."

The next day, when the giant sang to Tselane, his voice sounded sweet and beautiful. Thinking that her mother was home, the girl sang her song and joyfully opened the door. As quick as lightning, the evil giant seized her and threw her into a sack. Then he slung the wriggling sack over his shoulder and stomped off.

Die reus word baie kwaad. Hy besluit om by die sangoma te gaan raad vra. "Eet dit," sê die sangoma, en gee vir hom 'n stukkie warm metaal. "Dit sal die klanke van jou stem verander."


Die volgende dag, toe die reus vir Tselane sing, klink sy stem soet en pragtig. Omdat sy dink dat dit haar ma is wat by die huis is, sing die meisie haar liedjie en maak vol vreugde die deur oop. Soos blits gryp die bose reus haar en stop haar in 'n sak. Toe gooi hy die wrammelende sak oor sy skouer en slof weg.

"Let me see you!" he growled, peering into the sack. But guess what? All the horrible creatures shot out and started stinging and biting him at the same time! Roaring, the giant leapt up and ran to the door, but it was locked. When he finally unlocked it, he ran screaming to the river and plunged his head into the muddy river bank. There he got stuck and turned into a tree.

Look out for a tree with two trunks on the river bank – it is still there to this day. And as for Tselane, she was soon safely back home with her mother.

"Laat ek jou bekyk!" grom hy en loer in die sak in. Maar raai wat? Al die aaklige gediertes spring uit en almal begin hom gelyk steek en byt! Die reus spring brullend op en hardloop na die deur toe, maar dit is gesluit. Toe hy dit uiteindelik oopgesluit het, hardloop hy skreeuend rivier toe en druk sy kop in die modderige rivierwal. Daar sit hy vas, en hy verander in 'n boom.

Kyk uit vir 'n boom met twee stamme op die rivierwal – dit staan vandag nog daar. En Tselane, sy was sommer gou weer veilig tuis by haar ma.



One day, a horrible, greedy giant who lived close by heard the two singing to each other. “Mmmm,” he said, drooling and licking his lips, “that child sounds like a delicious, tender snack!” A few days later, when the giant was particularly hungry, he trundled off to Tselane’s house. At the front door he took a deep breath, opened his mouth and sang, “Tselane, my child, Tselane, my child, come and open the door!” But Tselane just laughed. “Go away!” she said. “Your rough, ugly voice is nothing like my mama’s beautiful voice!”

Op ’n dag hoor ’n aaklige, gulsige reus wat daar naby woon hoe die twee vir mekaar sing. “Mmmm,” sê hy, kwyl en lek sy lippe af, “daardie kind klink na ’n heerlike, sappige happie!”

’n Paar dae later, toe die reus besonder honger is, strompel hy na Tselane se huis. By die voordeur haal hy diep asem, maak sy mond oop en sing: “Tselane, my kind, Tselane, my kind, maak oop die deur!”

Maar Tselane lag net. “Gaan weg!” sê sy. “Jou growwe, lelike stem klink glad nie soos my mamma se pragtige stem nie!”



“WHERE’S MY SACK?” shouted the giant. “Bring it immediately!”

Now, his wife rushed outside, but a snake darted out and bit her hand. “YAAAA!” she howled, running indoors. “YAAAA!”

By now the giant was fuming. “Get out!” he shouted at his family. He jumped up, grabbed the sack and locked the door.


Ná ’n lang ruk kom die reus met ’n klein bietjie water terug. Hy gooi die lekkende kalbas neer, gluur die vrou aan, gryp sy bier en die sak en storm weg terwyl hy grom en brom so ver as wat hy gaan. By sy huis laat val hy die sak en gaan binnetoe.

“Bring my sak hierheen!” blaf hy vir sy seun, maar toe die seun die sak optel, vlieg ’n perdeby uit en steek hom op sy neus. “EINAAA!” skree hy en hardloop binnetoe. “EINAAA! EINAAA!”

“WAAR’S MY SAK?” skreeu die reus. “Bring dit dadelik hierheen!”

Sy vrou storm buitentoe, maar ’n slang seil uit en pik haar aan haar hand. “AAUU!” huil sy en hardloop binnetoe. “AAUU!”

Teen hierdie tyd is die reus briesend kwaad. “Uit is julle!” skree hy vir sy gesin. Hy spring op, gryp die sak en sluit die deur.



After a long time, the giant came back with a little bit of water. He flung the leaking calabash down, glared at the woman, grabbed his beer and the sack and stormed off, grumbling and rumbling. At his house, he dropped the sack and went inside.

“Bring my sack inside!” he barked at his son, but when the boy picked the sack up, a wasp flew out and stung him on the nose. “WAAAA!” he wailed, running inside. “WAAAA! WAAAA!”

Get story active!

Here are some activities for you to try. They are based on all the stories in this edition of the Nal'ibali Supplement: *Tselane and the giant* (pages 5, 6, 11 and 12), *Serapana* (pages 7 to 10) and *The mirror in the bushveld* (page 14).

Tselane and the giant

- ★ Play a game with older children. Ask them to describe a monster that steals children while you draw what they describe. Then swap roles and let them draw a monster you describe.
- ★ What other stories do you know about a person or animal that pretends to be someone else so that they can catch children?
- ★ *Tselane and the giant* is a traditional African tale that has been retold to be more modern. Choose a traditional story that you know and change it into a modern story.



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar aktiwiteite wat julle kan probeer. Dit is op die volgende stories in hierdie uitgawe van die Nal'ibali-bylae gebaseer: *Tselane en die reus* (bladsye 5, 6, 11 en 12), *Serapana* (bladsye 7 tot 10) en *Die spieël in die bosveld* (bladsy 15).

Tselane en die reus

- ★ Speel 'n speletjie met ouer kinders. Vra hulle om 'n monster wat kinders steel, te beskryf terwyl jy teken wat hulle beskryf. Ruil dan rolle om en laat hulle 'n monster teken wat jy beskryf.
- ★ Watter ander stories ken jy van 'n persoon of 'n dier wat voorgee om iemand anders te wees sodat hulle kinders kan vang?
- ★ *Tselane en die reus* is 'n tradisionele verhaal uit Afrika wat op 'n meer moderne wyse oorvertel is. Kies 'n tradisionele storie wat jy ken en verander dit in 'n moderne storie.

Serapana

- ★ Put the pictures below in the correct order.



- ★ Look at the pictures and make up your own story about what is happening.
- ★ Make up your own story about how animals can help you. Write down or tell your story to a friend. Draw pictures to go with your story.

Serapana

- ★ Plaas die prente hier onder in die regte volgorde.



The mirror in the bushveld

- ★ Sit opposite a friend. Copy everything that your friend does as if you are a reflection in a mirror. Take turns to play the reflection in the mirror.
- ★ Make animal masks like the ones on page 4. Act out the story *The mirror in the bushveld* with some friends or family members.
- ★ Write or tell a story with the title *The shadow in the city*.



Die spieël in die bosveld

- ★ Sit oorkant 'n maat. Boots alles wat jou maat doen na asof jy 'n weerkaatsing in 'n spieël is. Maak beurte om die weerkaatsing in die spieël te wees.
- ★ Maak dieremaskers soos dié op bladsy 4. Voer die storie, *Die spieël in die bosveld*, saam met maats of familieleden op.
- ★ Skryf of vertel 'n storie met die titel *Die skaduwee in die stad*.



The mirror in the bushveld

By Melody Ngomane ■ Illustrations by Magriet Brink and Leo Daly



It was a hot day in the African savannah when Rabbit decided to walk down to the stream to drink some water. She was hopping along slowly in the heat along an open dusty path when she saw a mirror flashing in the sunlight. Rabbit had never seen a mirror before, so she wondered what the strange animal was. As she got closer, to her surprise, she saw the veld inside it and a little white rabbit just like herself looking back. Rabbit ran as fast as she could to call for help.

"Help! Somebody please help me!" she cried.

Jackal was resting in the shade of a big tree after hunting. When he heard Rabbit's calls for help, he pretended he had not heard anything and hoped that other animals would help her because he was tired. But before he knew it, Rabbit ran towards where he was resting.

"Jackal, help! A monster, a monster!" cried the little white rabbit.

"A monster? Where?" asked Jackal, yawning.

"Down by the path on the way to the river. It has swallowed the whole veld and a little white rabbit like me," sobbed Rabbit.

At first Jackal chased Rabbit away because he could not believe such a thing had happened. "If the monster has swallowed the veld, why are we here and not inside the monster?"

Rabbit could not answer that question, but she kept on asking for help. Jackal went to call Leopard so that all three of them could go together to see the strange monster.



Jackal and Leopard followed Rabbit to where the monster was. Slowly, they crept up to the mirror. When they got up close, they saw three animals looking at them. The animals inside the monster's stomach looked just like them! They screamed in fright and ran down to the river to call Hippo.

"Hippo, please come and help us. A monster has swallowed the veld and three animals just like us!" said Jackal, talking as fast as possible.

Hippo didn't pay much attention to them and continued to enjoy her swim because she thought the animals were trying to trick her. But when she saw how terrified they were, she got out of the water. Then Hippo, Leopard, Jackal and Rabbit rushed to the place where the mirror was.

When they got there, Rabbit and Jackal stayed behind because they were scared that the strange animal would swallow them too. Leopard and Hippo ran forward to attack the strange animal ... but when they saw another

hippo and leopard running towards them, they ran away screaming, "A monster! A monster!"

The four animals ran to find Lion and told him the story of the strange animal.

"It swallowed a rabbit, a jackal, a leopard and a hippo," explained the animals, all talking at the same time.

"It also swallowed the whole veld," added Rabbit.

"And the animals in its stomach wanted to attack us!" said Hippo.

Lion had never heard of such a thing, so he immediately called his pride of lions together and they rushed off to attack the monster. Rabbit, Jackal, Leopard and Hippo followed closely behind.

On their way, they came across Monkey, who looked like he was searching for something. He jumped in front of Lion.

"Oh Lion, I am so glad to see you," he said. "Please help me find my mirror. I think someone has stolen it."

"Out of the way, Monkey. We have something more important to do. We are rushing to attack a monster that has swallowed animals and the veld," said Lion impatiently.

The monkey moved out of the way but decided to follow the animals because he wanted to see what this monster looked like.

When the animals got near to where the mirror was, the lions, Hippo and Leopard stood still and prepared to attack. Then they ran towards the mirror! But when they saw a group of angry animals running towards them, they all scattered into the long grass. Then some of them lay flat on the ground, some hid behind bushes and some climbed into the trees.

When the monkey realised that what the animals were terrified of was his mirror, he burst out laughing. He ran to it and, looking at himself laughing, said, "I have been looking for you the whole day, my mirror."



When the other animals saw Monkey in front of the strange animal and how friendly the monster was to him, they crept out from where they were hiding and started asking Monkey questions about the strange animal.

"This is a mirror, it's not an animal. You look at yourself in it. See, that's me in the mirror," explained Monkey, holding up the mirror.

When the animals heard this, they all had a good laugh and spent a long time just looking at themselves in the mirror.



Drive your
imagination



Die spieël in die bosveld

Deur Melody Ngomane ■ Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Storiehoekie



Dit is 'n snikhete dag in die Afrika-savanne wanneer Hasie besluit om by die stroompie te gaan water drink. In die hitte hop sy stadig met 'n oop, stowwerige paadjie langs toe sy 'n spieël in die sonlig sien flits. Hasie het nog nooit voorheen 'n spieël gesien nie, en sy wonder watter vreemde dier dit is. Toe sy nader kom, sien sy tot haar verbasing die veld binne-in, en ook 'n klein wit hasie nes sy wat vir haar terugkyk. Hasie hardloop so vinnig sy kan om hulp te kry.

"Help! Iemand help my, asseblief!" roep sy.

Jakkals was besig om in die skadu van 'n groot boom te rus nadat hy gejag het. Toe hy Hasie se hulpkrete hoor, maak hy of hy niks gehoor het nie en hoop die ander diere sal haar help, want hy is moeg. Maar voor hy hom kom kry, hardloop Hasie reguit na waar hy sit en rus.

"Jakkals, help! 'n Monster, 'n monster!" huil die klein wit hasie.

"'n Monster? Waar?" vra Jakkals, en gaap.

"Onder op die paadjie op pad rivier toe. Die monster het die hele veld ingesluk en ook 'n klein wit hasie nes ek," snik Hasie.

Jakkals jaag eers vir Hasie weg, want hy kan nie glo dat so iets kon gebeur nie. "As die monster die veld ingesluk het, hoekom is ons dan hier en nie binne-in die monster nie?"

Hasie kan nie hierdie vraag antwoord nie, maar sy bly om hulp roep. Jakkals gaan roep vir Luiperd, sodat al drie van hulle saam na die vreemde monster kan gaan kyk.



Jakkals en Luiperd volg vir Hasie na waar die monster is. Hulle kruip stadig na die spieël toe. Toe hulle naby kom, sien hulle drie diere wat vir hulle kyk. Die diere binne-in die monster se maag lyk nes hulle! Hulle hardloop gillend van vrees af rivier toe om vir Seekoei te gaan roep.

"Seekoei, kom help ons, asseblief. 'n Monster het die veld en drie diere nes ons ingesluk!" sê Jakkals, wat so vinnig hy kan praat.

Seekoei steur haar nie juis aan hulle nie en swem lekker verder, want sy dink die diere probeer haar om die bos lei. Maar toe sy sien hoe vreesbevange hulle is, klim sy uit die water. Seekoei, Luiperd, Jakkals en Hasie jaag na die plek waar die spieël is.

Toe hulle daar aankom, staan Hasie en Jakkals agter, want hulle is bang dat die vreemde dier hulle ook sal insluk. Luiperd en Seekoei storm vorentoe om die vreemde dier aan te val ... maar toe hulle nog 'n seekoei en luiperd na

hulle toe aangehardloop sien kom, hardloop hulle weg en skree: "'n Monster! 'n Monster!"

Die vier diere hardloop om vir Leeu te vind en vir hom die storie van die vreemde dier te vertel.

"Die dier het 'n hasie, 'n jakkals, 'n luiperd en 'n seekoei ingesluk," verduidelik die diere terwyl almal gelyk praat.

"Hy het ook die hele veld ingesluk," voeg Hasie by.

"En die diere in sy maag wou ons aanval!" sê Seekoei.

Leeu het nog nooit van so iets gehoor nie. Hy roep daarom dadelik sy trop leeus bymekaar en hulle hardloop vinnig weg om die monster te gaan aanval. Hasie, Jakkals, Luiperd en Seekoei volg net agter hulle.

Op pad kom hulle vir Apie teë, wat lyk of hy na iets soek. Hy spring voor Leeu in.

"O, Leeu, ek is so bly om jou te sien," sê hy. "Help my asseblief om my spieël te vind. Ek dink iemand het dit gesteel."

"Gee pad, Apie. Ons het belangriker dinge om te doen. Ons is op pad om 'n monster aan te val wat diere en die veld ingesluk het," sê Leeu ongeduldig.

Die apie staan eenkant toe, maar besluit om die diere te volg, want hy wil sien hoe hierdie monster lyk.

Toe die diere naby die plek kom waar die spieël is, gaan staan die leeus, Seekoei en Luiperd doodstil en maak gereed om aan te val. Hulle hardloop na die spieël toe! Maar toe hulle 'n groep woedende diere na hulle toe sien aanstorm, kies hulle koers in die lang gras in. Van hulle gaan lê plat op die grond, party kruip agter bossies weg en ander klim in die bome.

Toe die apie besef dat die diere so bang is vir sy spieël, bars hy uit van die lag. Hy hardloop na die spieël toe, kyk na homself en sê: "Ek soek al heeldag na jou, spieël."



Toe die ander diere sien hoe Apie voor die vreemde dier staan en hoe vriendelik die monster met hom is, kom hulle uit hul wegkruipplekke en begin vir Apie vrae vra oor die vreemde dier.

"Dit is 'n spieël, nie 'n dier nie. Jy kan jouself daarin sien. Kyk, dis ek in die spieël," verduidelik Apie, terwyl hy die spieël regop hou.

Toe die diere dit hoor, lag hulle almal lekker saam en kyk vir 'n lang tyd na hulself in die spieël.



Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



1. Find the following things from the story, *The mirror in the bushveld*, in the wordsearch block.

ANIMAL
RABBIT
MONKEY
LEOPARD
HIPPO
MONSTER
BUSHVELD
MIRROR
JACKAL

W	R	M	O	N	S	T	E	R
A	A	N	U	F	E	L	L	P
N	B	U	S	H	V	E	L	D
I	B	E	L	M	L	O	E	L
M	I	R	R	O	R	N	O	H
A	T	I	O	N	U	C	P	I
L	J	A	C	K	A	L	A	P
D	X	O	P	E	I	U	R	P
E	L	Y	N	Y	F	R	D	O



Vind die volgende dinge in die storie, *Die spieël in die bosveld*, in die woordsoekblok.



DIER
HASIE
APIE
LUIPERD
SEEKOEI
MONSTER
BOSVELD
SPIEËL
JAKKALS

R	S	P	I	E	Ë	L	A	M
T	J	A	K	K	A	L	S	O
B	E	W	R	X	P	G	E	N
O	E	E	N	L	I	U	E	S
S	A	H	S	A	E	G	K	T
V	S	A	N	N	T	S	O	E
E	N	S	D	J	D	I	E	R
L	U	I	P	E	R	D	I	P
D	I	E	O	S	I	O	Z	D



2. Find 8 differences between the two pictures.

Soek 8 verskille tussen die twee prente.



Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

www.nalibali.org

www.nalibali.mobi

[nalibaliSA](https://www.facebook.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://www.twitter.com/nalibaliSA)

[@nalibaliSA](https://www.instagram.com/nalibaliSA)

info@nalibali.org

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

RISING SUN

PROTEA

RECORD

EYETHU

Bonus

LENTSWE

RIDGE TIMES



Drive your
imagination

